

'n Ongerepte paradys

Reisigers wat die moeite doen om Madagaskar te besoek, sal aangenaam verras word deur dié ongerepte paradys.

By Nosy Be in Madagaskar begroet verlate strande en blouselblou water die besoeker.

Foto: ISTOCK

Dit staan nie in die reisgids nie

Dit moet jy koop: Jy kan in Madagaskar speserye teen sakpaspryse optel. Die peper en sakai-rissies is heerlik. Kyk ook uit vir raffiamandjies, maar moenie enige houtsniekuns koop sonder 'n permit nie. Vanielje is nie meer die winskopie wat dit was nie; 'n onlangse droogte het die pryse laat styg.

Loop lig: As jy wil snorkel en in die see swem, kies jou hotel versigtig. Ek het gebly by Anjiamarango in die noorde, 'n pragtige maar basiese lodge met hutjies reg op die strand. Daar was 'n koraalrif 'n entjie in die

see in, maar jy moet per boot by die rif uitkom. Die water by die lodge was troebel en nie ideaal vir snorkel nie. Die strande by die Andilana Beach Hotel in die noordooste van die eiland is van die mooiste.

Randrekker: Trek jou ariary's by 'n kitsbank om die beste wisselkoers te verseker. Daar is egter nie baie kitsbanke op die eilande nie en jy sal Hellville toe moet gaan, of op die lughawe geld trek.

Gesondheid: Drink net gebottelde water, tensy jy jou vakansie in die badkamer wil deurbring. Nosy Be val

in 'n malariagebied, so gesels met jou dokter oor malariamedikasie. 'n Noodhulpmiddel met breëspektrum-antibiotika, kortisoonsalf en ontsmettingsmiddels is 'n goeie plan.

Bring dit saam: 'n Sin vir humor, avontuurlus, insekweerder en baie sonroom.

Wanneer die ergste gebeur: Neem reisversekering uit en maak seker daar is 'n selfoon met 'n geaktiveerde internasionale swerffunksie in jul groep. Die Suid-Afrikaanse konsulaat is in Antananarivo. Kontak hulle by + 261 20 224 3350.

Vyf koel doendinge

Groet 'n lemur

Lemurs is seker van die oulikste diertjies op aarde danksy hul pierewaaihaarstyle en sterte so dik soos vereboas. 'n Bootrit na die lemurtovlugsoord op die eiland Nosy Komba is 'n moet. My gids het 'n sak piesangs saamgeneem wat ons baie gewild onder die lemurs gemaak het. 'n Lemur het dadelik op my geklouter en met sy delikate handjies die piesang uit my hand geneem. Hulle klim tot bo-op jou kop, waar hulle hulself tuismaak as 'n lewende, wollerige tulband. Dis 'n ervaring wat jy nie sommer sal vergeet nie.

Verken die eiland op 'n kwadfiets

'n Kwadfiets is een van die beste maniere om die eiland te verken. Jy ry verby klein dorpie, deur moerasse en plantasies van ylang-ylang, vanielje en peperbome, met reuse-verkleurmannetjies wat teen die takke opklouter.

Kom ons duik!

As jy 'n duiker is of snorkel, is dit hemels. Die koraalriwwe hier is nog nie deur massatoerisme verrinneweer nie en die biodiversiteit is ongelooflik. Maak jou reg om pylsterte, see-

skilpaaie en walvishaai te sien. Bring jou eie masker en snorkeltoerusting. Die meeste hotelle verhuur toerusting, maar dis nie altyd van die beste gehalte nie. Jy moet probeer om 'n uitstappie na Nosy Tanikely en die Tanikely-bewaringsgebied in te sluit.

Nosy Iranja

Bespreek 'n daguitstappie na Nosy Iranja, een van die mooiste eilande in die Indiese Oseaan. Dis 'n broeiplek vir seeskilpaaie en die eiland se vuurtoring is deur Gustav Eiffel (Ja, die Gustav van die Eiffel-toring!) ontwerp. Klim tot bo vir een van die mooiste uitsigte in die Indiese Oseaan.

Lokobe- nasionale park

Jou hotel of gastehuis sal die uitstappie vir jou kan reël. Jy vaar op 'n pirogue-bootjie (soortgelyk aan 'n mokoro) deur die Réserve Naturelle Intégrale de Lokobe. Jy kan slegs die park saam met 'n gids besoek weens die delikate ekosisteem. Tydens jou uitstappie soek jy lemurs, verkleurmannetjies, akkedisse, boas en ander interessante endemiese diere. Middagete is gewoonlik ingesluit: vars vis wat op 'n piesangblaar voorgesit word.



Twee vissermanne vaar op die spieëlglatte water van Nosy Be.



Madagaskar is vol verkleurmannetjies.



Twee nuuskierige lemurs, op soek na 'n bietjie piesang.



LESLEY STONES
@Lesley_Stones



'n Visserman vaar in 'n pirogue op die kalm water van Nosy Be.

Foto's: LESLEY STONES

Die mense is armer as hul bure in Mauritius, die Seychelle en Réunion en om hier te reis is meer uitdagend.

mooi strande en natuur. Nadat die eiland honderde miljoene jare gelede weggebreek het van die Afrika-kontinent, het die diere op die eiland hul eie unieke evolusie ondergaan.

Nosy Be is 'n piepklein mikrokosmos van Madagaskar se ekologie.

Ek het die eiland op 'n kwadfiets verken en dis ook 'n goeie manier om die "regte lewe" op die eiland te sien. Ons het deur moerasse gery waar wortelbome met hul kierebeentjies uit die modder troon terwyl die geure van ylang-ylang-bome op die seebries baljaar.

Die ylang-ylang-blomme word hier geoes en uitgevoer na Frankryk, waar Europa se voorste parfuumhuise dit vermeng in hul parfuum. Ongelukkig blyk dit dat nie baie van die Champs Élysées-euro's teruggeploeg word in die sakke van die Malgassiese boere nie.



Die dorpie op die lemur-eiland Nosy Komba word deur woud omring.

'n Oomblik wat my altyd sal bybly was toe ek op my kwadfiets verby 'n jong seun op 'n ossewa ry.

Die ossewa was hoog gestapel met vuurmaakhout en vir 'n oomblik het die oud en die nuut teenoor mekaar gestaan; ek op my kwadfiets en die seuntjie op 'n eeue oue manier van vervoer.

Dit het my laat besef hoe dié stukkie wilde Eden steeds onaangeraak is deur toerisme en die moderne lewe.



Die lemurs van Nosy Komba is gewoon aan mense en sal sommer bo-op jou klouer.

Weet dit voordat jy bespreek

Kom só daar: Airlink vlieg direk van Johannesburg na Nosy Be op 'n Sondag. 'n Retoerkaartjie kos sowat R14 000. Jy kan ook oor Réunion na Nosy Be vlieg met Air Austral, of met Airlink na die hoofstad Antananarivo en 'n aansluitingsvlug na Nosy Be haal met Air Madagascar.

Doeanedinge: Suid-Afrikaners het 'n visum nodig. Jy kan dit op die lughawe koop of aansoek doen by een van die Malgassiese konsulate. Dit kos sowat R490. Besoek madagascarconsulate.org.za vir meer inligting.

Geldsake: Madagaskar se amptelike geldeenheid is die ariary. Vir sowat R4,50 kry jy 1 000 Malgassiese ariary (MGA). Reiskoste op die eiland verskil en hang af waar jy bly en eet. 'n Coca-Cola of bier kos tussen R20 en R30 en middagete sal jou tussen R60 en R70 uit die sak jaag. Die groter hotelle se pryse is in euro's en met die rand se swak wisselkoers kan dit soms duur raak.

Vervoer op die eiland: Probeer om 'n pakket met 'n heen-en-weerdiens te reël. Die taxi's en tuk-tuks het al beter dae gesien. Jy kan ook 'n tuk-tuk huur om die eiland te verken. 'n Taxi lughawe toe is sowat R120.

Beste tyd om te gaan: Januarie, Februarie en Maart staan bekend as die sikloonseisoen. Dit beteken egter nie dat jou vakansie deur 'n sikloon bederf gaan word nie, maar baie hotelle sluit tydens dié maande. Dis baie nat, baie warm en baie bedompig. Harriet Joao, eienaar van MadagasCaT Charters and Travel wat spesialiseer in toere na Nosy Be, stel voor dat jy tussen April en November reis. Vir duik en snorkel is die helderheid van die water die beste tussen Junie en September. Hoogseisoen val oor Julie en Augustus, wanneer die dae warm en die aande koel is.

Verblyf

Die verblyf op Nosy Be strek van sakpas-gastehuse tot vyfsterlodges en seiljagte. Ons stel die volgende voor.

Op 'n begroting: Die gastehuis Gerard et Francine (gerard-et-francine.com) begin by sowat R660 per kamer per aand. Dis egter in Ambatoloaka geleë, wat berug is vir prostitusie.

'n Ekstra geldjie: Sakatia Lodge (sakatia.co.za) is 'n vriendelike bestemming en 293 On Komba (293onkomba.com) is perfek vir paartjies en wittebroodvakansies. Hier betaal jy sowat R800 tot R1 000 per persoon vir verblyf, aandete en ontbyt.

Jou skip het ingekom: Huur 'n seiljag om Nosy Be en sy eilande te verken. MadagasCaT Charters and Travel sal jou help om 'n boot te kies. Pryse vanaf R2 800 per persoon per dag. Alle etes, uitstappies en aktiwiteite is ingesluit.

Vir spys en drank

Die vrugbare grond beteken dat die kos in die hotelle vars is en gaste smul hier aan seekos, plaaslike groente en vrugte en veral baie piesangs.

Selfs by die eenvoudigste strandkroeg kan 'n mens 'n maaltyd van garnaalsosaties, vars gebraaide vis en slaai, voorgesit saam met pyn-

appel en mango, geniet.

Die steak wat van die zebu-beeste af kom, is heerlik. Dit word gewoonlik voorgesit saam met 'n romerige sousie van Malgassiese groenpeperkorrels.

Die Malgasse se stapelvoedsel is rys – verwag dit dus by amper elke maaltyd.

As jy wil gaan

Harriet Joao van MadagasCaT Charters and Travel sal jou help om jou Malgassiese droomvakansie 'n werklikheid te maak. Dié maatskappy het vanjaar die prys gewen as die beste Malgassiese reisagent in die Luxury Travel Awards.

Al die toere en hotelle op die

webwerf is persoonlik besoek en spesiaal uitgesoek om seker te maak besoekers het die beste ervaring van die eiland.

Besoek die webwerf by madagascats.co.za, stuur 'n e-pos aan info@madagascats.co.za of skakel 079 149 6438.

Doen iets anders! Hou vakansie in Nosy Be!

Diepseehengel!

Wittebrood, Welwees en Ontspanning!

Diepseeduik!

Reis met MadagasCaT Charters & Travel – ons spesialiseer sedert 2008 in reis na Nosy Be.

www.madagascats.co.za • Tel: + 27 (0) 21 200 0173
• info@madagascats.co.za

R3 000 pp Winterafslag!